

**Vrydag 18 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:1**

### **Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor God**

**D**aar is 'n baie groot groep mense wat glo die Here is 'n baie sagte Wese wat deur ons gebuig kan word soos ons Hom wil hê. Dink maar net aan die volgende paar voorbeelde:

Baie sogenaamde gelowiges ontken dit wat in die wese van hierdie openbaring lê, naamlik die soewereine en totale beskikking van God oor die hele skepping - wat alle mense en hulle lewens insluit.

Die feministiese teologie verklaar God as 'n vriend van die vrou, maar nie as God wat ewige gesag oor hulle het nie, want die moderne vrou onderwerp haar nie meer aan die gesag van 'n man nie. Sy verwerp enige gesagstruktuur oor haar, want sy wil deel wees van alle (hoogste) gesag.

Moderne Christelike jeugbewegings oor die algemeen vestig die idee dat Jesus 'n liewe, sagte Wese is wat net bereid is om te vergewe, en ontken daarteenoor die oordeel van God. Selfs as dit by die dag van die Here kom, het die moderne mens baie voorwaardes en eise wat hy aan God stel voordat hy sy aanbidding sal nakom.

Sondag - die dag van aanbidding - is vir baie 'n gesins/ontspanningsdag. Dit is die "enigste dag" wat ek het om iets vir myself te doen! Besef u dat iemand wat altwee eredienste bywoon, maar net 2% aanbidding per week het? Wie gaan dit as 'n slaagsyfer in ons lewe beskou? Tog wil baie mense hê God moet dink dit is 'n goed genoeg antwoord op sy verlossende genade in Christus.

Is so 'n powere geloof - wat ten diepste net 'n lisensiëring van sonde is - ware aanbidding aan God wat ewig lewe?

*Sing: Psalm 63-1:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*